## KOEBERG-KERNKRAGSTASIE: LANGTERMYNBEDRYF

1) Eskom is deur die Nasionale Kernreguleerder (KNR) gelas om ’n eksemplaar van die Aansoek om die Koeberg-kernkragstasie ná verstryking van die tydraamwerk ingevolge NIL-01, Variasie 19, te bedryf, te publiseer in die Staatskoerant en ten minste twee koerante wat versprei word in elke munisipaliteit wat deur die Aansoek geraak word.

2) Ingevolge die bepalings van artikel 21(4)(a) van die Wet op die Nasionale Kernreguleerder, 1999 (Wet 47 van 1999), word u ’n geleentheid gebied om skriftelike vertoë rakende gesondheids-, veiligheids- en omgewingskwessies wat met ons aansoek verband hou, nie later nie as 16 Maart 2023 aan die NKR voor te lê.

3) U skriftelike vertoë moet vir die aandag van die Programbestuurder: Kernkragaanlegte gemerk wees en moet met gebruik van die volgende alternatiewe voorgelê word:
   a) Gedrukte eksemplare wat –
      i) per hand afgelewer word by die NKR se kantore, naamlik Eco Glades 2, Blok G, Eco Glades Office Park, Witch Hazellaan 420, Highveld, Centurion (oorkant die Landbank se kantore).
      ii) per hand afgelewer word by die NKR se terreinkantore, naamlik Raatsrylaan 12, Delphi Arch-gebou, Tableview, Kaapstad.
      iii) gepos word aan Die Nasionale Kernreguleerder, Posbus 46055, Kernkrag, 7441.
   b) Elektroniese eksemplare wat per e-pos gestuur word aan posbus KoebergLTO@nnr.co.za.

4) Om u met u vertoë te help, is die Aansoek, insluitende die geredigeerde veiligheidsaak asook ’n Openbare Inligtingsdokument wat deur Eskom opgestel is, in Afrikaans, Engels en Xhosa beskikbaar en toegang daartoe kan verkry word vanaf die NKR-webwerf by URL *https://nnr.co.za/applications-in-progress/* asook die Eskom-webwerf by URL *https://www.eskom.co.za/eskom-divisions/gx/nuclear/#LongT* .